Stereotipering van rotsklimmers: Ware helde of soekers na rampspoedige roem?

Handré Brand

Handré Brand,
onafhanklike navorser

Opsomming

Die doel met hierdie literatuurontleding is eerstens om die bestaan van ’n sogenaamde Eiger-noordwandstereotipe (wat gedurende die 1930’s deur die media geskep is na aanleiding van ’n reeks noodlottige klimme teen die bergspits) te identifiseer; tweedens om die akkuraatheid van die stereotipe te ondersoek deur ’n literatuurontleding te doen van die persoonlikheidseienskappe van rotsklimmers soos in wetenskaplike tydskrifartikels gerapporteer, asook deur ’n ontleding van anekdotiese inligting wat beskikbaar is oor die onderliggende motivering van rotsklimmers.

Die konstruk *stereotipe* word in ooreenstemming met die werk van Ashmore en Del Boca (soos na verwys in Jassim e.a. 2009) omskryf as ’n “reeks opvattings oor die persoonlike attribute van ’n sosiale groep” (my vertaling). Sewentien volteksartikels is opgespoor wat aan die kriteria vir insluiting voldoen en die verwysings word in tabel 1 aangedui. Die publikasiedatums strek van 1968 tot 2015 en die inligting dek ’n tydsverloop van 48 jaar.

Die anekdotiese inligting is uiteenlopend van aard en bied ’n perspektief op die persoonlikheidstruktuur van rotsklimmers. Baie van hierdie standpunte behoort eers wetenskaplik-eksperimenteel ondersoek word voordat finale gevolgtrekkings gemaak kan word. Die anekdotiese perspektiewe oor die dinamika van rotsklimmers ondersteun hulle stereotipering, maar die betroubaarheid en geldigheid van ongetoetste menings en perspektiewe word van nader beskou.

Die gepubliseerde studies in erkende wetenskaplike tydskrifte dui daarop dat min navorsing oor die persoonlikheidsdinamika van rotsklimmers sedert die 1960’s onderneem is. Die resultate van hierdie studies neig ook om weersprekend van aard te wees. Waaroor wel eenstemmigheid bestaan, is dat ervare en tegnies bedrewe rotsklimmers sensasie soek en bereid is om risiko’s te neem, maar slegs indien die risiko’s binne hul vermoëns val.

Die Eiger-rotsklimkultuur in die 1930’s het rare heldedade opgelewer wat met groot risiko’s gepaard gegaan het; dié risiko’s was kognitief weldeurdag, maar sommige klimme het desnieteenstaande steeds traumaties geëindig.

Trefwoorde: Eiger; persoonlikheidseienskappe; risiko; rotsklim; soeke na sensasie; stereotipering

Abstract

Stereotyping rock climbers: True heroes or seekers of fatal glory?

The Eiger is a famous peak near the town of Grindelwald in the Berner Alps (the central Swiss Alps) rising 3 970 m above sea level. The difference in altitude between the valley and the peak summit is 1 800 m (Geldard 2011). The Eiger is one of a formidable trio of mountains, the other two being the Jungfrau and the Mönch (see photo 2). Initially, the north face of the Eiger posed immense challenges for young and inspired rock climbers who put their technical and psychological skills to the utmost test.

For what reasons would young rock climbers, in contempt of death, climb a mountain peak that in times gone by have gained the reputation of being unconquerable? Was it because of a need for prestige, or simply a consequence of ill-considered leadership? Was the climbers' knowledge of the specialised techniques that are required for extreme rock climbing sufficient, and did they have the necessary skills?

The aim of this analysis of the literature is, firstly, to identify a so-called Eiger north face stereotype; secondly, to assess the accuracy of the stereotype by making a literature analysis of the personality characteristics of rock climbers as reported in scientific journal publications, as well as an analysis of anecdotal information available about the underlying nature of the motivation of rock climbers. The relative accuracy/inaccuracy of the stereotype is assessed by identifying discrepancies and similarities between the social perceptions and available psychometric data.

To analyse the literature about the personality characteristics associated with rock climbers (see table 1), several scientific journal articles that met the following criteria were studied: (a) It had to be available in full text online, exposed to peer evaluation, and available in standard electronic databases. (b) The research designs had to include psychometric measuring instruments in the methodology. (c) Furthermore the psychometric results had to be compared to those of control groups or norm group data. (d) Studies in which correlative studies with the data of one or more groups of rock climbers had been undertaken were included. (e) Only studies in which statistical analyses of the data had been undertaken were taken into consideration. (f) If structured interviews with rock climbers had been conducted it also met the criteria for inclusion. Studies that included rock climbers as subjects in composite samples consisting of participants from different extreme sport activities were excluded from this study.

Based on logical grounds (i.e. on real events or facts) alone, a rationale for the negative stereotyping of rock climbers by the Swiss media is partially explicable. There were eight deaths within a short period (August 1935 until July 1938), and any death always educes strong emotions. By means of telescopes, guests of the Grindelwald and Kleine Scheidegg guesthouses and tourists could follow every movement of the climbers from the valley below, which was, of course, extremely dramatic, and in some cases when the sleet clouds cleared

away, the corpses of climbers frozen against the vertical front were visible – a phenomenon that created incredible and horrifying emotions. The Eiger was like a majestic and sensational theatre, and with its big-screen attraction it made a definite contribution to the unbelievable scenes of the climbs (Stölzl 2012). The implications for dangerous rescue operations were self-evident, and because of the deaths, disagreement, discord and double-bind situations arose within the ranks of the Alpine Guide Association (Stölzl 2012).

Anecdotal points of view are divergent and complex and bring a unique personality profile of the passionate, experienced rock climber to the fore. The pursuit of fame at all costs is indeed a motivating factor for some rock climbers. There are also indications of the existence of a particular disposition associated with climbing success. Such a disposition includes facets like a pursuit of personal freedom, self-knowledge, an internal locus of control, and self-control.

Seventeen full-text articles that met the criteria for inclusion were identified and are indicated in table 1. The information covers a period of 48 years, and during this period, surprisingly few controlled studies about the characteristics of rock climbers were published in recognised journals. Research about the physiological factors related to rock climbing, like the climbing technique, style and injuries, appears to have been more popular than studies about the implications of psychological factors in this sport.

The sample sizes varied between 19 and 762, and independent control groups were included in the research designs of only five studies. Dependent (or paired) control groups were not used in any study, which could possibly be regarded as a shortcoming of the research. From an ethical perspective, however, criticism of the results of a study only in terms of sample size is insufficient, and statistical and practical significance should be considered (Harriss and Atkinson 2015). With regard to the correlative studies in table 1, the majority of the studies did not test the practical significance of the results (for example by the coefficient of determination). With regard to these aspects, the quality of future research could be improved.

In five studies the results of the psychometric instruments were compared with the norm data of the samples obtained during the standardisation process of the psychometric instruments. Only in one study were standardised measuring instruments with available reliability and validity coefficients not used, which is a positive finding. In this study, the researchers constructed an own measuring instrument, and in one study, structured interviewing was used as a measuring technique.

The psychometric instrument that was used most in the research designs was Zuckerman/Arnett's Need for Sensation Scale, which is quoted six times in the 16 studies (38%), followed by Cattel's Sixteen-factor Personality Questionnaire, which was used in two studies.

Need for sensation is confirmed by five studies (article numbers 7, 8, 10, 13, and 14) and can be accepted with certainty as a distinguishing personality trait of experienced and skilful rock climbers. Together with this, there is also the tendency continually to set new and difficult challenges as objectives (2, 6, 8, and 11) and take related risks (6, 9, 10, and 11). However, “tendency (to) take risks” should be qualified because a particular risk is taken when it falls within the ability of the climber to take that risk (study 6). Two studies (5 and 12) reported

high levels of anxiety in climbers, and three investigations (4, 10, and 11) indicated low anxiety as a peculiar characteristic of rock climbers. Research findings on anxiety as a variable in the personality dynamics of rock climbers reflect a different image as obtained from the studies on need for sensation (where consensus has been reached), and therefore seem to be of a contradictory nature.

Nine studies (1, 2, 3, 10, 11, 12, 14, 15, and 16 in table 1) investigated specific emotional patterns among rock climbers. The results of four of these studies (10, 11, 14, and 16) indicate the presence of high levels of emotional stability in rock climbers, while the rest indicate that personality traits like poor ability to express emotion, inhibition of worries, insufficient regulation of emotion, general emotional maladjustment, and avoidance of interpersonal interaction are characteristic of rock climbers. Thus, these research results are contradictory in nature, and no consensus exists that a characteristic affective pattern is associated with the skills and experience levels in rock climbing.

For the sake of convenience, the evaluation of the relative accuracy/inaccuracy of a stereotype can be compared to target-shooting at a target of concentric circles with an absolute central point. A bull's-eye does not necessarily mean that the absolute, precise central point of the target has been hit. The spot on the target can even consist of smaller concentric circles, which means that a bull's-eye is any hit as long as the spot-area is hit. To use the metaphor of the bull's-eye, the series of real deaths on the Eiger and their consequences have created the basis for the origin of the negative stereotyping. Although the tone of reporting by the media sometimes had a tinge of prejudice, it was relatively accurate in the particular context of the happenings and the former political climate in Central Europe.

The anecdotal information referred to in this article is diverse in nature and from a theoretical perspective provides a comprehensive model for the personality structure of rock climbers. These viewpoints have a greater focus on theory-building, and the hypotheses ensuing from them should first be investigated thoroughly scientifically and experimentally before final conclusions about the applicability of the opinions can be drawn. The anecdotal perspectives about the dynamics of rock climbing indeed support the accuracy of the stereotyping of rock climbers, but the reliability and validity of the viewpoints are questionable at this stage.

The published studies in recognised scientific journals indicate that limited research about the personality dynamics of rock climbers has been undertaken since the 1960s. The results of these studies tend to be contradictory in nature. Consensus (based on findings confirmed by various studies) indeed exists that experienced and technically skilful rock climbers show a strong pursuance of sensation and are prepared to take risks, but only if the risks fall within their ability to undertake them.

Thus the real, factual, tragic events support the accuracy of the stereotype. Research that is better structured should be conducted about the anecdotal information. Scientific research results do not support the accuracy of the stereotype. The Eiger rock-climbing culture in the 1930s went hand in hand with extreme risks, but it appears that the risks were envisaged and well considered cognitively by the climbers; nonetheless, the climbs still ended traumatically. The climbers were motivated intrinsically and definitely did not carry out ill-considered daring and remarkable deeds so that their names could be engraved impromptu as heroes on the list of Eiger deaths.

It is recommended that more research about the personality dynamics of rock climbers should be conducted. The anecdotal information that exists about rock climbing can be investigated further in the form of hypotheses with logically formulated rationales. A critical analysis of the existing research findings about the personality dynamics of rock climbers should be undertaken to determine why conflicting results are found so often in this field of research.

The pioneering work of Barlow et al. (2015) can be continued by comparing the profiles of rock climbers with those of participants in other extreme sports codes with regard to specific personality traits, for example regulation of emotion. Correlational studies between the physiological and physical attributes of highly skilful and less skilful rock climbers and their personality traits, especially against the background of Fessler, Tiokhin, Holbrook, Gervais, and Snyder's (2014) *crazy bastard* theory, should be undertaken.

To answer the question of whether the same stereotype(s) today still apply to rock climbing, solo climbing and participation in other extreme sport codes amounts to mere speculation. The context in which rock climbing currently takes place has changed radically since the 1930s. For example, technological developments continually lead to improvement of techniques and equipment. Rescue operations are becoming easier and are performed more efficiently (for example by the availability of helicopters). Rock-climbing tourism is another factor that makes the process more complex. Nowadays, the profit motive, paying clients and marketing strategies are the order of the day. In Boukreev and DeWalt (1998:7) the media refer to these rich clients as “dollar dogs”. Perhaps the disaster on Mount Everest in 1996 (Boukreev and DeWalt 1998) could be the breeding ground for the reconfirmation of the Eiger north face stereotype (although the contexts differ entirely).

Keywords: Eiger; need for sensation; personality characteristics; risk-taking; rock climbing; stereotyping

> "The curtain of the mists closed down again, to hide the last act of the first tragedy of the Eiger's North Face from the eyes of men. A gale, whipping the snow-flakes horizontally against the rocks, the thunder of avalanches, the splash of waterfalls, in which the staccato rattle of falling stones mingled shrilly – these were the melody of the Eiger's Face, the funeral organ-voluntary for Max Sedlmayer and Karl Mehringer." (Harrer 1995:37)

> "I wanted some insight into those rare people whose passion for climbing is the central fact of their lives and drives them to set the standards and achieve feats often considered impossible by their peers – and often to die in the pursuit." (Lester 2004:87)

1. Inleiding[1]

Foto 1. Die noordwand van die berg Eiger. Bron: Win-EMB4CCRAR34

Die Eiger is 'n beroemde bergspits in die Bernse Alpe (die sentrale Switserse Alpe) naby die dorpie Grindelwald met die piek wat 3 970 m bo seevlak lê. Die vertikale afstand van vallei tot piek is 1 800 m (Geldard 2011). Die Eiger en twee ander berge, die Jungfrau en die Mönch, vorm 'n formidabele driemanskap (kyk foto 2). Die Eiger "hou 'n ogie" oor die "afstand" tussen die monnik en die jongvrou. Die Duitse ekwivalent vir Eiger is "Oger" (*ogre*) wat "manlike mensvreter" in die mitologie beteken. Die monnik sou net sowel 'n ogie kon hou oor die afstand tussen die mensvreter en die jongvrou.

Die Eiger se noordwand het aanvanklik bomenslike uitdagingsgeleenthede vir jong en geïnspireerde rotsklimmers geskep wat hulle vaardighede (sowel tegnies as persoonlikheidsgewys) tot die uiterste beproef het. Dié noordwand het oor dekades heen 'n

berugte reputasie opgebou wat weerspieël word in emosioneel-gelaaide beskrywings soos "selfmoordmuur", "mensvreter", "ontoeganklik", "wit spinnekop", "bastion van klip en ys"[2] (Harrer 1995), "vertikale arena" (Anker 2000), "klim na die hel" (Olsen 1998), "die berg wat my pa se lewe geneem het" (Harlin 2007).

Die moeilikheidsgraad (Geldard 2011) van die noordwand word volgens die Skotse graderingstelsel as VI,6 of M5 aangegee, en volgens die Frans-Alpynse gradering as ED 2 (*Extremely Difficult Level 2)*

Wat sou die redes wees hoekom jong rotsklimmers doodsveragtend 'n bergspits aanpak wat destyds die reputasie van " onoorwinlik" verwerf het? Was dit 'n gevolg van die behoefte aan prestige, of net eenvoudig 'n uitvloeisel van onweldeurdagte leierskap? Was die klimmers se kennis van die gespesialiseerde tegnieke wat noodsaaklik is vir ekstreme rotsklim voldoende en het hulle oor die nodige vaardighede beskik? (Barret en Martin 2014). Het hierdie klimmers rekening gehou met die noodsaaklikheid van deeglike en gedetailleerde beplanning wat sulke klimme vereis en voorbereiding ten opsigte van die risiko's wat voorlê? Roper (2002) verwys na die klimproses as "groei deur risiko", maar is dit 'n realistiese uitgangspunt deur groepleiers, veral waar menselewens op die spel geplaas word?



Foto 2. Die Eiger, Mönch en Jungfrau. Bron: http://www.contentedtraveller.com/big-3-mountains-eiger-monch-jungfrau

2. Geologie en morfologie

Volgens Jaboyedoff, Derron, Jakubowski, Oppikofer en Pedrazzini (2012) vorm die Eiger deel van die sedimentêre gesteentes uit die Mesosoïkum wat die Aar-Massief ('n groep

aaneengeskakelde bergmassas wat die Aarrivier se hoofdreineringsgebied vorm) bedek. Die noordwand bestaan uit gebande, getabuleerde kalksteen uit die Jurassiese Tydperk, en neem die vorm aan van ’n niesilindriese sinklien (*antiformal syncline).*

Die aanliggende U-vormige Eigervallei huisves die Laer Grindelwaldgletser, wat in 1860 ongeveer 200 m hoër as tans was. Die tempo van verdunning en terugtrekking van die gletserys het sedert 1935 versnel, en die 2006-rotsverskuiwing is waarskynlik deur die versmelting van die gletserstutboog (*buttress*) versnel (Jaboyedoff e.a. 2012).

3. Doel van die studie

Die doel met hierdie ontleding van die literatuur is eerstens om die bestaan van ’n sogenaamde Eiger-noordwandstereotipe (wat gedurende die 1930’s deur die media geskep is) te identifiseer; tweedens om die akkuraatheid van die stereotipe te ondersoek deur ’n literatuurontleding te doen van die persoonlikheidseienskappe van rotsklimmers soos gerapporteer word in wetenskaplike tydskrifartikels, asook ’n ontleding van anekdotiese inligting wat beskikbaar is oor die onderliggende aard van die motivering van rotsklimmers. Die relatiewe akkuraatheid/onakkuraatheid van die stereotipe word getoets deur afwykings van / diskrepansies en ooreenkomste tussen die sosiale persepsies en psigometriese gegewens te identifiseer.

Die vraag is of die stereotipe akkuraat was en of daar argumente aangevoer kan word vir die bestaan van ’n unieke stel eienskappe wat die basis van ’n Alpynse persoonlikheidstipe vorm, en waarvan die media en algemene publiek op daardie stadium nie bewus was nie.

4. Operasionele definisies en konteks van begrippe

Die operasionele definisies vir die sentrale begrippe in hierdie ondersoek is soos volg:

Die konstruk *stereotipe* word in navolging van Ashmore en Del Boca (in Jassim e.a. 2009) omskryf as ’n “reeks opvattings wat oor die persoonlike attribute van ’n sosiale groep bestaan”. Hierdie definisie strek wyd en is agnosties in terme van stereotipe-akkuraatheid. Die voordeel van so ’n wye definisie is dat ’n stereotipe óf relatief akkuraat óf onakkuraat kan wees, wyd aanvaarbaar, bewustelik, rigied, oordrewe, positief of negatief kan wees of gebaseer kan wees op sekere fisiologiese eienskappe van ’n gegewe sosiale groep.

Volgens die Amerikaanse Sielkundevereniging verwys die term *persoonlikheid* na verskille tussen individue ten opsigte van denkpatrone, emosionaliteit en motivering van gedrag. Die studie van die menslike persoonlikheid behels hoofsaaklik twee aspekte, naamlik ’n fokus op die meting van individuele verskille, en ’n fokus op die integrasie van gedrag.

Breedweg gesproke (kyk Previn en John 1999; Previn, Cervone en John 2005) word persoonlikheidsteorie en -navorsing in ses benaderings verdeel, waarvan die (persoonlikheids)trekfaktorteorie die mees objektiewe en mins komplekse is, en ook die

biologiese basis van persoonlikheid beklemtoon en derhalwe voorsiening maak vir die interaksie tussen die biologie, genetika, omgewing en opvoeding. W2000

Persoonlikheidstrekke is geïnternaliseerde (of terugkerende) patrone in denke en gedrag wat in terme van graadverskille wissel van persoon tot persoon. Volgens die nomotetiese uitgangspunt van die trekfaktorteorie het ’n bepaalde trek dieselfde betekenis vir verskillende individue (m.a.w. ’n persoonlikheidstrek soos byvoorbeeld ekstroversie het ’n universele toepassingswaarde).

Die konsep motivering verwys na die ontstaan, die rigting en voortduur van fisieke en sielkundige gedragspatrone, insluitende meganismes wat die voorkeur, intensiteit en handhawing van reaksies bepaal.

Tensy disintegrasie plaasvind, funksioneer die normale menslike persoonlikheid as ’n geïntegreerde geheel, derhalwe word verwys na ’n dinamiese integrasie van die kognitiewe (denke), affektiewe (emosies) en konatiewe (motiverende faktore) funksies wat die onderbou vir persoonlikheidsfunksionering vorm. ’n Persoon herken byvoorbeeld ’n skoumotor as sy voorkeurvoertuig (kognisie) en raak opgewonde omdat dit die nuutste weergawe is (affek) en stap in by die agentskap om die voertuig te toetsbestuur (konatief). Of ’n rotsklimmer lees ’n artikel oor die spits K2 (kognitief), hy raak eenvoudig meegevoer met die idee om die piek te klim (affektief) en koop summier nuwe toerusting, doen die nodige besprekings en vertrek om die klim aan te pak (konatief).

Hierdie artikel handel in die algemeen dus oor die vraag waarom sekere individue bereid is om die bykans onmoontlike te waag, of om die uiterste grense van risiko’s te toets.

5. Oorkoepelende hipotese

Die assessering van die geldigheid van die Eiger-noordwandstereotipering dien as die oorkoepelende hipotese vir die ondersoek, en op grond van die ontleding van toepaslike literatuur sal bepaal word of ’n verdedigbare rasionaal vir die hipotese haalbaar is of nie. Die hipotese wat ondersoek word, word as ’n oordrywingshipotese (*exaggeration hypothesis*)gesien in ooreenstemming met Jassim, Cain, Crawford, Harber en Cohen (2009) se uitgangspunte. Die spesifieke vraag wat ondersoek word, gaan daaroor of die mediastereotipe wel geregverdig kan word, en of dit nie eerder op oordrywing gebaseer is nie, en indien wel, in watter mate stereotipering van hierdie orde steeds vandag van toepassing is.

Hierdie ondersoek handel spesifiek oor die bepaling (of assessering) van die relatiewe akkuraatheid/onakkuraatheid van ’n stereotipe, deur spesifieke eienskappe van die sosiale groep wat met die stereotipering geassosieer word, te ondersoek. Die oorkoepelende navorsingsvraag handel oor die wyse waarop sosiale werklikheid deur ’n stereotipe weerspieël word.

Dit is voor die hand liggend dat rotsklimmers se tegniese vaardighede en ervaring belangrike bepalers van sukses sal wees. Ander faktore, soos weersomstandighede en groepsdinamika, kan ook kritieke bepalers wees of die baken op ’n spits wel bereik word of nie. In hierdie

ondersoek het navorsing oor fisiologiese parameters en rotsklim, soos fermheid van handgreep, aërobiese vermoë, metabolisme, beserings, visueel-ruimtelike koördinasie en kinestese, asook die effek van hoogte bo seevlak, klimvaardighede en tegnologie nie deel van die bestek gevorm nie.

Dit blyk dat die komplekse aard van die menslike persoonlikheid 'n kritieke rol in die mate van sukses of mislukking van ekstreme rotsklim speel (Feldman, Zayfert, Sandoval, Dunn en Cartreine 2012). Die hooffokus sal dus hier op persoonlikheidseienskappe as die afhanklike veranderlike in die navorsingontleding geplaas word.

6. Metode van ondersoek

Ten einde 'n ontleding te doen van die literatuur oor die persoonlikheidseienskappe wat met rotsklimmers geassosieer word (kyk tabel 1), is 'n reeks wetenskaplike artikels geraadpleeg wat aan die volgende kriteria voldoen het: (a) Die artikels moes aanlyn in volteks beskikbaar wees; aan portuur-evaluering blootgestel wees en dit moes beskikbaar wees in standaard elektroniese databasisse (insluitende Ebsco Host en Google Scholar). (b) Slegs navorsingsontwerpe is gebruik waarin psigometriese meetinstrumente in die metodologie ingesluit is. (c) Slegs studies is ingesluit waarin die resultate met dié van kontrolegroepe of normgroepdata vergelyk is, en (d) waarin korrelasiestudies met die data van een of meer groepe rotsklimmers onderneem is. (e) Daar moes ook toepaslike statistiese ontleding van die data onderneem word. (f) Studies waarin gestruktureerde onderhoude met rotsklimmers gevoer is, word ook ingesluit. Studies wat rotsklimmers as subjekte ingesluit het in saamgestelde steekproewe bestaande uit deelnemers aan verskillende ekstreme sportsoorte, is uitgesluit in hierdie studie.

Doelbewuste pogings om volteksweergawes van enkele spesifieke artikels te bekom deur Research Gate was onsuksesvol, en daardie artikels se gegewens kon dus ongelukkig nie in tabel 1 ingesluit word nie.

Die Abstrahere Academic-programmatuurwebtoepassing (http://www.abstrahere.co.za) is gebruik om die kritiese teksontleding van vaktydskrifartikels in elektroniese formaat te doen.

7. Aanvanklike noodlottige pogings teen die noordwand

Volgens Anker en Rettner (2008) is die Eiger die tweede spits in die Switserse Alpe wat 'n amptelike naam gegee is. Die berg is in 1252 formeel gedoop deur Ita von Wädiswyl met die woorde "ad montem qui nominatur Egere".Vanaf 22 tot 25 Augustus 1935 wend die Duitsers Max Sedlmayer en Karl Mehringer (Harrer 1995) die eerste daadwerklike poging aan (Anker en Rettner 2008) om 'n frontale rotsklim teen die Noodwand te doen, maar beide sterf weens blootstelling naby die Doodsbivak (op 3 292 m). Die volgende poging (op 18 tot 22 Julie 1936) deur die Duitsers Andreas Hinterstoisser en Toni Kurz en Oostenrykers Willi Angerer en Edi Rainer eindig noodlottig deurdat die klimmers 'n taktiese fout na 'n dwarsklim begaan en daarna tydens slegte weersomstandighede gedurende die terugklim weens blootstelling sterf (Harrer 1995).

In Julie 1936 plaas die Kanton Bern ’n amptelike verbod op rotsklimme teen die noordwand van die Eiger, wat na vier maande teruggetrek moes word weens geregtelike mistastings.

Die eerste boek oor die noordwand verskyn ’n maand na die 1936-tragedie, en die eerste (propaganda-) film oor die noodlottige klimme teen die Eiger draai kort daarna in Duitse teaters.

Daar was ook pogings om die kwasi-Nietzscheaans-nasionaal-sosialistiese ideologie aan die Duitse aanslag teen die Eiger in die 1930’s te koppel (Heywood 2006). Hierdie aspek, wat van geskiedkundige en politieke wetenskaplike belang is, val egter buite die bestek van hierdie ondersoek.

Kort na die Hinterstoisser-drama sterf twee Italiaanse rotsklimmers, Bartolo Sandri en Mario Menti, op 21 Junie 1938 teen die noordwand.

8. Mediastereotipering van rotsklimkultuur

Die bogenoemde gebeurtenisse het die basis gevorm van ’n veldtog deur die openbare media om die rotsklimkultuur negatief te stereotipeer. Die Switserse pers het aanvanklik die oorsaak van die noodlottige insidente kortweg as die rotsklimmers se “soeke na sensasie en opspraakwekkendheid” (*notoriety*) asook ’n “onwrikbare of hardnekkige wilskrag” afgemaak (Harrer 1995). Die Britse pers het gedurende die Victoriaanse tydperk reeds ’n heftige veldtog teen Britse rotsklimmers gevoer, wat in 1865 ’n hoogtepunt bereik het toe die Britse parlement oorweeg het om rotsklim as ’n verbode sport te verklaar na die dood van lord Douglas op die Matterhorn (Taylor 2010:26–7).

Op 19 Julie 1936 berig die Zürichse dagblad *Sport* (Harrer 1995:71–2) soos volg oor die sterfgevalle:

> Year after year, a few ludicrous earthworms camp at the foot of the [Eiger’s] North Face, planning to force a passage with ropes and pitons. It is only necessary for a tiny icicle on the giant’s hat-rim to sneeze in order to annihilate the intruders. The urge to achieve things cannot be used as an excuse for self-annihilation. It is easy enough to push the sporting aspect into the foreground, but sport does not necessarily mean ultimate in achievement. The accent of the North Face of the Eiger is forbidden. It is not the Administration in Berne which has pronounced the veto. It is the Eiger itself speaking with a dumb-show language no one can fail to understand. If anyone fails to comprehend its message, he must be deaf and deserves to be hauled away from the danger area exactly as one would lead a blind man off the tram-lines on to the pavement [...]

Op 24 Julie 1936 verskyn ’n verdere persberig (Harrer 1995:54–5):

> Perhaps these young men have nothing to lose – what is to become of a generation to which Society offers no social existence and which has only one thing left to look to, a single day’s glory, the swiftly tarnishing highlight of a single hour? To be a bit of a hero, a bit of a soldier, sportsman or record breaker, a gladiator victorious one day,

> defeated the next [...] The four recent victims of the Eiger's North Face were poor creatures. When some kindly folk in Grindelwald invited them to dinner, they tucked in to the proffered meal like true warriors; afterwards, they said they hadn't had such a good meal for three years. When asked what was the purpose of their risky venture, they replied that its main object was to improve their positions. They believed that such an exceptional feat would bring them honour and glory, and make people take notice of them [...].

Op grond van die persberigte kan afgelei word dat die Eiger se frontale klimmers as onverantwoordelike, bykans irrasionele, egotistiese roemsoekers en waaghalse deur die media gebrandmerk en "gestereotipeer" is.

Was hierdie persoonlike stereotipering geregverdig? Sommige teoretici gaan van die standpunt uit dat 'n stereotipe geldig is slegs indien die persepsies of opvattings oor die sosiale groep wat in die stereotipe betrek word, onakkuraat is (Jassim e.a. 2009). Dit moet bewys kan word dat die sosiale persepsies vals of onakkuraat is, anders het stereotipering geen bestaansreg nie.

In ooreenstemming met die bostaande definisie van stereotipering deur Jassim e.a (2009) word die gevolgtrekking gemaak dat 'n negatiewe stereotipering van die noordwand-rotsklimmers in die 1930's wel deeglik deur die media geskep is en dus bestaan het. Die vraag of die Eiger-noordwandstereotipe onakkuraat of akkuraat was, en of dit bestaansreg het, is 'n aparte vraag en word hier verder ondersoek.

Benewens die feite wat hier onder volg en deur die mediaberigte uitgelig is, kan die vraag gestel word of 'n persepsie soos: "Perhaps these young men have nothing to lose" (Harrer 1995:54) dalk dui op 'n oordrewe en onbillike interpretasie van die klimmers se gebrek aan 'n deeglik begronde strewe na sin en betekenis van die lewe. 'n Sterkbewoorde kategorisering (bykans 'n tipe informele diagnose of etiket) soos "ludicrous earthworms" (Harrer 1995:71) – wesens sonder insig en goeie oordeelsvermoë) – val eweneens eienaardig op die oor. Sou hierdie stereotipering van die klimmers dalk die gevolg van vooroordeel in die media kon wees?

Teen die agtergrond van die Eiger-scenario van destyds het agt rotsklimmers betreklik onlangs (in die Mei 1996-ramp) op die berg Everest gesterf. Elms en Frame (2008) ontleed die mediablootstelling wat hierdie insident ontvang het in terme van die diskoers "ramp en tragedie", die skepping van mites en visuele dramatisering. Hulle toon aan dat Jon Krakauer se boek *Into thin air* die leidende teks (*dominant account*) was wat die oorsake van die insident begrond in swak leierskap en besluitneming, disfunksionele groepdinamika, persoonlikheidspatologie en swak beplanning en beheer.

Alhoewel die konteks van die twee insidente grootliks verskil (die Everest-ramp handel in sy wese oor die implikasies van rotsklimtoerisme en kommersialisering, terwyl die Eiger-insidente primêr handel oor die stereotipering van ervare en tegnies bedrewe rotsklimmers) is daar beslis gemeenskaplike faktore, soos die dinamiese aard en rol van sielkundige faktore, insluitend persoonlikheidseienskappe, die rol van motivering en effektiwiteit van besluitneming.

9. Teoretiese beginsels

Dit blyk dus uit die bespreking hier bo dat die Eiger-drama en die mediareaksie daarop implisiet verwys na konsepte soos die soeke na sensasie, risikogedrag en irrasionaliteit. Zuckerman (1994) se teorie oor sensasie het individuele verskille in risikogedrag as ’n basis. Die teorie is in die algemeen op die trekfaktorbenadering gebaseer (Goma-i-Freixanet 2004). Die soeke na sensasie (SS) is ’n persoonlikheidstrek wat gedefinieer word as ’n soeke na gevarieerde, nuwe, komplekse en intense sensasies en ervarings, en die bereidwilligheid om fisieke, sosiale, regs- en finansiële risiko’s te neem ter wille van die ervaring. Die term *behoefte aan sensasie* is deur Zuckerman (1994) vervang met *soeke na sensasie*, omdat eersgenoemde die kwaliteit van kompulsiewe gedrag impliseer, en gevolglik nie die gedrag van sensasiesoekers korrek weergee nie. Zuckerman se SS-skaal bestaan uit 40 vraelysitems (daar is vier subskale bestaande uit tien vraelysitems elk). Die subskale is soos volg: Soeke na Avontuur (bv. sport); Soeke na Ervarings (bv. musiek, kuns, reis); Soeke na Disinhibisie (partytjies, sosialisering); en Vatbaarheid vir Verveling (onverdraagsaamheid vir herhalende ervarings).

Pereira (2005) konseptualiseer die risikogedrag van rotsklimmers in terme van Lyng (1990) se grenswerk-teorie (*edgework theory*). Die neem van berekende risiko’s kom neer op die toetsing van grense (Lyng 1990). Die blote ervaring van risiko is vir sommige persone met riskante gedragspatrone belangriker as die finale uitkoms van ’n handeling. Die ervaring van riskante gedrag lewer ook dikwels ’n daadwerklike bydrae tot die welsyn van die individu. Risikogedrag is selfs onder sekere bepaalde omstandighede heeltemal aanvaarbaar vir die persoon volgens die teorie van Lyng (1990).

Die term *edgework* het sy ontstaan binne die konteks van dwelmafhanklikheidsnavorsing en -rehabilitasie. Lyng (1990) verwys na die toetsing van grense of tuimelkante (*exploring the edges*) tussen lewe en dood, bewussyn en bewusteloosheid, persoonlikheidsintegrasie en -disintegrasie. Die menslike oorlewingsvermoë in risikogedrag word as ’n aangebore eienskap binne die konteks van die teorie gesien. Risikogedrag ontsluit onder andere selfrealisering, selfaktualisering en selfdeterminering. In risikosituasies word nie rasioneel gedink nie, net gedoen. Sulke impulsiewe reaksies geskied sonder behoorlike kognitiewe filtrering en oorweging. Ten spyte van pogings in die moderne samelewing om blootstelling aan risiko te verminder en veiligheid te verhoog, neig sommige individue steeds na hierdie tipe riskante gedrag, dikwels ten koste van hulle eie en ander se veiligheid (Lyng 1990).

Irrasionaliteit of illogisiteit is ’n hoedanigheid wat die oorskatting van die rede/intellektuele of kognitiewe verwerp (Schoonees 1972:692). Dit is die aangryping van die absurde en teenstrydige. Subjektivisme, waar die affektiewe bo die kognitiewe gestel word, staan as emosionalisme bekend. Intuïsionisme verwys na die stel van intuïsie bo die kognitiewe, en by vitalisme word die onmiddellike lewe bo kritiese denke gestel.

Bortolotti (soos na verwys in Tattersall 2015) argumenteer dat irrasionaliteit nie net as die uitsondering op die reël gesien moet word nie, maar wel as ’n sentrale kenmerk van die gedrag van ’n bepaalde individu. Irrasionaliteit is nie noodwendig ’n term met negatiewe konnotasies nie. Irrasionaliteit kan nie bloot as ’n konsep gebruik word om sekere norme van rasionele gedrag te regverdig nie. Norme van rasionaliteit kan, afhangende van konteks, wissel. Irrasionaliteit is dus niks meer as ’n uitdrukking van die waarnemer se siening nie (*“in the eye of the beholder*”).

Volgens die teoretiese beskouings van Gigerenzer (2002) kan gedrag nie as irrasioneel beskou word bloot omdat die handeling nie met die norme van rasionaliteit konformeer nie. ’n Besluitnemer wie se gedrag deur aspirasie eerder as praktiese logika en kognisie gerig word, behoort as normaal funksionerend in die alledaagse gang van sake gesien te word.

Bortolotti (soos na verwys in Tattersall 2015) en Gigerenzer (2002) maak dus ’n saak uit vir die voorkoms van irrasionaliteit binne “normale grense”, met ander woorde waar ’n langdurige breuk met die realiteit nie ter sprake is nie. Indien ’n langdurige breuk met die realiteit voorkom en met delusies gepaardgaan (byvoorbeeld ’n man wat oortuig is hy gaan swanger word), is dit ’n psigopatologiese toestand wat met kliniese irrasionaliteit gepaardgaan. Volgens Eifert (s.j.) neem irrasionaliteit binne normale grense verskillende vorme aan, byvoorbeeld die sogenaamde grandiose subtipe delusionêre steuring, waar ’n persoon oortuig is dat hy/sy ’n uiters belangrike rolspeler is, of uitsonderlike kontakte met baie belangrike persone het of oor bonatuurlike magte of vermoëns beskik. Sadock en Sadock (2003:283) wys daarop dat illogiese denke gekenmerk word deur die maak van foutiewe gevolgtrekkings of die weerspreking van die persoon deur homself. Irrasionaliteit is egter slegs psigopatologies van aard wanneer dit intens of opvallend (*marked*) is, en nie met kulturele waardes of kognitiewe beperkinge verband hou nie.

10. Akkuraatheid/onakkuraatheid van die Eiger-noordwandstereotipering

Ten einde die rotsklimstereotipe se geldigheid doeltreffend te beoordeel word eerstens die feitelike gebeurtenisse asook anekdotiese gegewens kwalitatief ontleed.

10.1 Feitelikhede

Op logiese gronde (werklike gebeurtenisse of feite) alleen is ’n rasionaal vir die negatiewe stereotipering van die rotsklimmers deur die Switserse media deels verklaarbaar. Daar was agt sterfgevalle oor ’n kort tydsbestek (Augustus 1935 tot Julie 1938) en enige sterfgeval ontlok altyd sterk emosies. Gaste van die Grindelwald- en Kleine Scheidegg-gastehuise en toeriste kon deur middel van teleskope vanaf die vallei elke beweging van die klimmers volg, wat natuurlik uiters sensasioneel van aard was, en met die wegtrek van die ysreënwolke was die lyke in sekere gevalle teen die vertikale wand vasgevries – ’n verskynsel wat groot opspraak verwek het. Die Eiger was soos ’n grootse en sensasionele teater en grootskerm-aantrekkingswaarde het ’n besliste bydrae tot die sensasionaliteit van die klimme gelewer (Stölzl 2012). Die implikasies vir gevaarlike reddingsoperasies was vanselfsprekend, en onmin, tweespalt en dubbelbindsituasies op grond van die sterfgevalle binne die geledere van die Alpynse Gidsvereniging ontstaan (Stölzl 2012).

Die ekonomiese situasie in Sentraal-Europa was destyds besonder swak en het met hoë werkloosheid gepaardgegaan weens die effek van die Groot Depressie in die 1930’s. Die ekonomiese vooruitsigte van die jong klimmers wat in hierdie tyd die Eiger aangepak het, was beperk en riskant, en gevaarlike rotsklimme kon die behoefte aan uitdagings deels bevredig. Neuberg en Oliver (2013) verwys in hulle lewensgeskiedenisteorie van sosiale waarneming na skaars en onvoorspelbare bronne en agtergestelde omgewings waaraan individue blootgestel is as “desperaatheidsekologie” (*desperation ecology*). Die ekonomiese omgewing waarbinne sommige van die klimmers hulle bevind het, was waarskynlik van so ’n

aard dat hulle in elk geval nie veel gehad het om te verloor in die proses nie, en moontlik kan die stelling "Perhaps these young men have nothing to lose" (Harrer 1995:54) deels geregverdig word.

Alhoewel die betroubaarheid van bogenoemde feitelike gebeurtenisse bo verdenking is, en beslis steun bied vir die geldigheid vir die ontstaan van die negatiewe beeld oor die Eiger-rotsklimmers, moet wat die mediaberiggewing betref, in ag geneem word dat joernaliste soms emosioneel kan reageer en dan tot oordrywing geneig is. Die term *media hype* verwys na die neiging tot uitbreiding, vergroting en oordrywing in die pers (Vasterman 2005). Koivula (1999) wys op verskeie studies waarin atlete op 'n bevooroordeelde wyse deur die pers aangebied en voorgestel is. In 'n onlangse studie aan die Universiteit van Cardiff (Sumner, Vivien-Griffiths, Boivin, Williams, Venetis, Ogden, Whelan, Huges, Dalton, Boy en Chambers 2014) is bevind dat nagenoeg 40% van die persvrystellings oor aansprake in navorsing oor gesondheidswetenskappe oordrewe is wat die voorstelling van oorsaaklike faktore en ekstrapolasie van bevindings van diere-eksperimente na die mens betref.

10.2 Anekdotiese menings oor die persoonlikheidsdinamika en motivering van rotsklimmers

George Mallory het volgens Stölzl (2012:3) ewe ongeërg en skynbaar verdedigend geantwoord "omdat dit daar is" toe hy gevra is hoekom hy beplan om Everest te klim. Stölzl (2012) interpreteer die reaksie van Mallory as megalotimie (*megalothymia*) 'n toestand wat bekend is as 'n intense behoefte aan mededinging ten einde erkenning van 'n portuurgroep te ontvang. Dit kom neer op 'n strewe na vlakke van erkenning en roem wat op sigself alleen die dood kan oorleef. Sadock en Sadock (2004:17) verwys hierna as *megalomania* – intens gedrewe motivering wat met delusies van grootheidswaan gepaardgaan. 'n Abnormale strewe na roem kan dus in 'n sekere mate psigopatologiese afmetings aanneem en met fasette van irrasionaliteit gepaardgaan.

'n Intense strewe na roem kan ook verder onderskei en rasioneel gemotiveer word. Kaufman (2013) verwys na Maltby wat sewe onderliggende faktore aan die strewe na persoonlike roem identifiseer, naamlik: intensiteit (die persoon wil ten alle koste beroemd wees); kwesbaarheid (strewe na roem as 'n tegniek om selfkonseptekortkominge te versag); lewenstyl (strewe na materiële rykdom); gedrewenheid (die persoon werk hard en doelbewus om beroemd te wees); waargenome geskiktheid (die persoon beskik oor die eienskappe wat benodig word om beroemd te wees); en altruïsme[3] (die persoon stewe na roem om sodoende andere te help). Die twee faktore wat die sterkste korreleer met narsisme (wat volgens Sadock en Sadock 2003 gekenmerk word deur skuiwe in die rigting van verhoogde eiebelang en siening van eie uniekheid), is aangedui as lewenstyl en waargenome geskiktheid. In teenstelling met Maltby identifiseer Greenwood (in Kaufman 2013) slegs drie faktore wat onderliggend is aan die strewe na roem: die behoefte om gesien/gewaardeer te word; die behoefte aan 'n elitistiese, hoë status en lewenstyl; en die behoefte om ander te help.

Heinrich Harrer, 'n lid van die eerste suksesvolle klim teen die Eiger se noordwand (op 21 tot 24 Julie 1938), gee 'n ander invalshoek op die onderliggende motivering van rotsklimmers (Harrer 1995:22). Hy wys daarop dat rotsklimmers nie bloot vlieë is wat blindelings na hulle noodlot voortstrompel nie, maar mense met visie en moed is. Harrer (1995) stel ook vas dat 'n unieke klimmersdisposisie bestaan wat sukses teen die Eiger se noordwand vir die klimgroep gewaarborg het: "[P]erhaps the four of us were the owners of a disposition which

was the basic factor in our successful climb" (Harrer 1995:23). Die term *disposisie* verwys onder andere na 'n vaste, geïnternaliseerde gedragspatroon om op 'n bepaalde wyse te dink en reageer, eerder as 'n motivering wat deur die behoefte aan narsistiese roem bepaal word.

Jenkins (2015), wat ervaring het van 'n klim teen Hkakabo (5 743 m) in Mianmar op, noem die volgende persoonlikheidseienskappe van rotsklimmers as van deurslaggewende belang vir sukses: onvoorwaardelike vertroue in medeklimmers; bereidwilligheid om jou eie lewe aan medeklimmers toe te vertrou; vaste oortuiging van eie onoorwinlikheid (eie "koeëlvastheid"); transendering van die eie self; uitermate sterk passie vir rotsklim; grenslose ambisie; groot ego; narsisties-gedrewenheid; fokus; masochisme.

Heywood (2006) voer op sy beurt in sy filosofiese ontleding aan dat sommige klimmers die klimproses soos 'n verslawende toestand beleef wat die psige se funksionering wysig, net soos heroïen die chemie van die liggaam verander. Hy gaan verder en parafraseer klimmers se terugvoer oor wat hulle dink *hard grit* is: dit is om jouself doelbewus in gevaarsituasies te plaas; om jouself tot die absolute grens te druk; om jouself te oortuig dat jy nie in gevaar is nie al is jy dit wel; elitisme; oorwinning van verbeelding en wilskrag oor sober realisme; belewing van 'n oomblik van totale "malligheid" in 'n oorveilige wêreld.

Lester (2004) stel 'n filosofiese sintese saam vanuit navorsing oor die afgelope 150 jaar wat handel oor die sin en betekenis van klimervarings vir klimmers vir wie die passie van klim die sentrale tema van hulle lewens uitmaak. Sy samevatting oor alpinisme berus op verhale van passievolle rotsklimmers, en Lester (2004) beskou sy sintese as rou data vir die basis waarop verdere teoriebou kan plaasvind. Sy voorgestelde hooftemas is die volgende: die klimmer se ervaring van vryheid (rotsklim is 'n geleentheid om te ontsnap van die struktuur van stedelike omgewings, roetine en gevestigde sosiale konvensies); die ontwikkeling van selfkennis (ontwikkel insig in sterker en beter fasette van die eie persoonlikheid en benut geleenthede om meer eerlik, opreg en heelhartig met jouself te wees, en dus om meer kongruent op te tree); 'n groter fokus op interne lokus van kontrole (op intrinsieke motivering eerder as om 'n pion van eksterne faktore te wees); die oorwinning oor die self (hier gaan dit oor die funksies van die "hoër" self teenoor die "laer" self; daar is 'n strewe na optimale selfbeheer en selfdissipline; instinktiewe reaksies oortref bewustelike besluitneming); ontvlugting van die self (volgens Messner in Lester 2004:95 was elke beweging nie as werk beskou of 'n beplande handeling wat uitgevoer is nie, maar "merely being. [A]nd being was freedom. [A]nd freedom was older than time […]").

Anekdotiese standpunte is uiteenlopend en kompleks en bring 'n unieke persoonlikheidsprofiel van die passievolle, ervare rotsklimmer na vore. Die strewe na roem ten alle koste kan onbewustelik of bewustelik narsisties gedrewe wees. 'n Behoefte aan roem bo alles is wel 'n motiveringsfaktor by sommige rotsklimmers. Daar is ook aanduidings van die bestaan van 'n bepaalde disposisie wat met klimsukses geassosieer word. Sodanige disposisie sluit fasette in soos 'n strewe na vryheid, na selfkennis, na 'n interne lokus van kontrole en selfbeheer.

10.3 Navorsingsbevindings in wetenskaplike artikels

Die ontleding (tabel 1) van die unieke persoonlikheidseienskappe of -profiele wat met rotsklim geassosieer word, is 'n verdere tema van hierdie ondersoek. Vir hierdie doel is van

'n reeks gepubliseerde navorsingsartikels gebruik gemaak wat aan spesifieke kriteria voldoen het (kyk afdeling 6 vir 'n uiteensetting van hierdie kriteria).

Die Afrikaanse benaming van die psigometriese instrumente word gebruik alleen indien die instrumente reeds erkende Afrikaanse benamings op grond van gebruik oor tyd verwerf het. Indien Afrikaanse vertalings nie sinvol is nie, word die oorspronklike Engelse benaming in tabel 1 verstrek.

Tabel 1. Persoonlikheidseienskappe wat met rotsklimmers geassosieer word

Skrywers	**Ervarings-vlak van klimmers (Jare)**	**N**	**Is kontrole-groepe in ontwerp ingesluit? Ja/Nee**	**Is afhanklike veranderlikes met vraelys-normgroep-data vergelyk? Ja/Nee**	**Metingstegnieke gebruik, afhanklike veranderlikes en resultate van studies**
1. Barlow, Woodman, Chapman, Milton, Stone, Dodge en Allen (2015)	Ja, alle subjekte moes minstens drie of meer jaar rotsklim-ervaring opgedoen het.	762	Ja, twee onafhank-like kontrole-groepe bestaande uit deelnemers aan hoërisiko-sportsoorte	Nee	Aflê van Risiko-vraelys (Woodman); Ongelukke en Nabyervarings in Sportvraelys; Verkorte weergawe van Zuckerman se Soeke na Sensasie-vraelys**:** Resultate dui daarop dat *Alexithymia*(swak emosionele uitdrukkingsvermoë) en *Anhedonia* (verlies aan ervaring van plesier) beide beduidend en positief met ongeluksvatbaarheid korreleer.
2. Monasterio, Alamri en Mei-Dan (2014)	3–5 jr	47	Nee	Ja	Cloninger Temperaments- en Karaktervraelys: Resultate dui op rotsklimmers se sterk soeke na nuwe uitdagings; sterk inhibering van kommer; sterk wilskrag; lae self-transendering.
3. Barlow, Woodman en Hardy (2013)	Gem. 9 jr.	283	Ja	Nee	Outeurs stel eie vraelys saam wat Soeke na Sensasie, Emosionele Regulering en Beheer meet: Resultate toon motivering vir rotsklim gedryf deur ontoereikende

					emosionele regulering en beheer oor lewensomstandig-hede
4. Feldman, Zayfert, Sandoval, Dunn en Cartreine (2012)	Ja	42	Nee	Nee	Skaal vir Gedragsinhibering en Gedragsaktivering (Carver en White): Resultate toon klimmers met hoë tellings in beloningsensitiwiteit en lae angstellings was meer geneig om die spitse te oorwin.
5. Sanchez, Boschker, en Llewellyn (2010)	Ja (Belgiese elite klimmers).	19	Nee	Nee	*Competitive State Anxiety Inventory* en die *Positive and Negative Affect Schedule*: Suksesvolle klimmers se pre-klimangstellings was hoër as onsuksesvolle klimmers s'n, en hulle het ook die moeilikste gedeelte van die klim stadiger as die onsuksesvolles geklim.
6. Llewellyn en Sanchez (2008)	Ervaring word wel as 'n biografiese veranderlike gebruik, maar word nie as biografiese veranderlike in prosedure vermeld nie.	116	Nee	Nee	***Soeke na Sensasie-skaal (Zuckerman)****;* Fisieke Self-Effektiwiteitskaal: As selfuitdagings stel sommige rotsklimmers moeilike doelstellings en neem berekende risiko's wanneer hulle van mening is 'n bepaalde risiko val binne hul vermoë. Dis foutief om sonder meer te aanvaar dat alle rotsklimmers geneig is om risiko's te neem, of selfs dat rotsklimmers risiko's neem op grond van 'n verhoogde behoefte aan sensasionaliteit.
7. Hulya-Asci en Cem-Dinc (2007)	Gem. 6,8 jr	64	Nee	Ja	Behoefte aan Sensasie-vraelys (Arnett); Fisieke-selfbeskrywingvraelys; Sportmotiveringskaal: Resultate dui op rotsklimmers se sterk soeke na sensasie; sterk

					intrinsieke motivering; sterk positiewe fisieke selfpersepsie.
8. McDaniel en Lee (2007)	Onervare, aspirant-kunsmuur-rotsklimmers.	241	Nee	Nee	Behoefte aan Impulsiewe Sensasie-skaal (Zuckerman): Resultate toon positiewe verband tussen sukses in aanvanklike klimpogings, behoefte aan impulsiewe sensasie en voorneme om in toekoms weer te klim.
9. Pereira (2005)	Ja	19	Nee	Nee	Individuele onderhoude met subjekte: Ontleding van resultate dui aan dat klimmers bewus is van alle risiko's; sien risiko as faktor wat gekonfronteer en beheer moet word; risiko word as positief ervaar en lei tot sensasies van vertigo; risikobeheer gee gevoel van mag oor omstandighede en dus oor lewensmomente in die algemeen; hoe meer riskant die onderneming hoe meer betekenisvol die ervaring daarvan.
10. Taylor, Gould, Hardy en LaCaille (2006)	1–3 jaar met ervaring op 5,8 roetes volgens Yosemiteskaal	105	Nee	Nee	Behoefte aan Sensasie-skaal (Zuckerman*); Risk Taking Rock Climbing Questionnaire*;*Spher-es of Control Scale* 3de Weergawe: Resultate toon beduidende positiewe verband tussen bereidwilligheid om risiko's te neem en soeke na sensasie en avontuurlistigheid.
11. Sleasman (2004)	Ervaring nie aangedui nie.	66	Nee	Ja	Behoefte aan Sensasie-skaal (Zuckerman); NEO Persoonlikheid-vraelys; Cassidy-Lynn-Prestasiemotivering-vraelys; Sport Oriëntasie-vraelys; *State*-

					*Trait*Angsvraelys: Bevindings dui op sterk intrinsieke motivering en mededingendheid by klimmers, lae angs en neurotisisme; hoë openheid en instemmigheid.
12. Egan en Stelmack (2003)	Ervaring nie as veranderlike aangedui nie.	39	Nee	Ja	Eysenck- persoonlikheid-vraelys: Klimmers behaal hoër tellings in ekstraversie, wat dui op disposisie vir selfgeldendheid, ondernemingsgees en aanvaarding van risiko**.**Laer tellings in neurotisisme, wat dui op afwesigheid van bekommernisse en lae reaktiwiteit op stres. Hoër tellings in psigotisme, wat ’n aanduiding is van aggressiwiteit, dominansie en selfbeskikking (lae selftransendering).
13. Feher, Meyers en Skelly (1998)	Ervaring nie as veranderlike aangedui nie. Twee onafhanklike veranderlikes, naamlik vaardigheidsvlak en geslag, word in die ontwerp ingesluit.	57	Nee	Nee	*Profile of Mood States*(POMS), Sportmededinging-angsskaal, Sport- houding-vraelys, Eysenck-persoonlikheid-vrae-lys: Meer gevorderde klimmers toon meer angstigheid, depressie, aggressie, verwarring en algemene emosionele wanaanpassing as klimmers met gemiddelde vaardighede.
14. Cronin (1991)	Ja, minstens vier jaar klimervaring.	20	Ja, ’n onafhanklike kontrolegroep met N =21	Nee	Soeke na Sensasie-skaal (Zuckerman): Klimmers verskil beduidend ($p<0,01$) van kontrolegroep wat soeke na sensasie as ’n algemene onderliggende konstruk het.

15. Freixanet (1991)	Ja (Alpiniste met klimrekords van pieke in Himalajas hoër as 8 000 m).	27	Ja	Nee	Soeke na Senasasie-skaal (Zuckerman); Eysenck Persoonlikheid-vraelys; Impulsiwiteitskaal (Eysenck); Sosialiseringskaal (CPI); Sensitiwiteitskale vir beloning en teregwysing (*punishment*):Alpiniste toon hoë ekstraversie, soeke na sensasie, emosionele stabiliteit en konformering aan sosiale norme.
16. Ryn (1988)	Ja	80	Nee	Ja	Sestienfaktor-persoonlikheid-vraelys (Cattel): Onderskei twee persoonlikheidtipes, skisoïed-psigasteniese (66%) – hulle is geheimsinnig, teruggetrokke en vermy interpersoonlike kontak, en astenies-neurotiese tipe (30%), wat skaam en passief is asook gevoelens van minderwaardigheid ervaar; klimmers toon ten volle insig in gevare van die sport; sielkundige bevrediging is sterker as hul vrese; klimmers word gekenmerk deur hul individualiteit, intellek, ambisie en kreatiewe ingesteldheid.
17. Gray (1968)	Ja	28	Ja (drie onafhanklike groepe)	Nee	Sestienfaktor-persoonlikheid--vraelys (Cattel): Klimmers is meer gereserveerd, ongebonde, krities en “cool” as kontrolegroepe; geen verskille t.o.v. emosionele stabiliteit nie; meer aggressief, selfgeldend en koppig as nieklimmers; minder reëlgebonde, oorskry reëls makliker, minder geneig om

					verpligtings na te kom, meer selfgenoegsaam, geneig om self besluite te neem, meer vindingryk wat probleemoplossing betref; meer intelligent en toon abstrakte denkvaardigheid, minder betroubaar en moeiliker om mee oor die weg te kom.

Ontleding van tabel 1

Sewentien volteksartikels is opgespoor wat aan die kriteria vir insluiting voldoen en word in tabel 1 aangedui. Die publikasiedatums strek van 1968 tot 2015. Die inligting dek ’n tydsverloop van 48 jaar en in hierdie periode is verbasend min goedgekontroleerde studies oor die persoonlikheidseienskappe van rotsklimmers in erkende joernale gepubliseer. Navorsing oor die fisiologiese faktore wat met rotsklim verband hou, die klimtegniek, -styl en -beserings het geblyk meer gewild te wees as studies oor die implikasies van sielkundige faktore vir hierdie sportsoort. Ervaring van rotsklim word meestal as ’n onafhanklike veranderlike in die navorsingsontwerpe ingesluit en wissel van 3 tot 9 jaar; soms word ervaring vervang met status van die klimmers (byvoorbeeld elite-klimmers), of klimmers wat ervaring het van spesifieke roetes (byvoorbeeld Himalajapieke met hoogtes van 8 000 m en hoër).

Die grootte van die steekproewe wissel van 19 tot 762 en in slegs vyf van die studies is onafhanklike kontrolegroepe in die navorsingsontwerp ingesluit. In geen studie is afhanklike (of afgepaarde) kontrolegroepe gebruik nie, wat moontlik as ’n leemte in die navorsing beskou kan word. Vanuit ’n etiese invalshoek is die kritiek op ’n studie se resultate in terme van steekproefgrootte alleen egter nie voldoende nie, en behoort sowel statistiese as praktiese beduidendheid in ag geneem te word (Harriss en Atkinson 2015). Wat die korrelatiewe studies in tabel 1 betref, word die praktiese beduidendheid van die resultate deur die meerderheid studies nie getoets nie (byvoorbeeld deur die koëffisiënt van determinasie). Wat hierdie aspekte betref, kan die kwaliteit van toekomstige navorsing verbeter word.

By vyf studies is die resultate op die psigometriese instrumente vergelyk met die normdata van die steekproewe wat tydens die standaardiseringsproses van die psigometriese instrumente verkry is. In slegs een studie is nie van gestandaardiseerde meetinstrumente met beskikbare betroubaarheids- en geldigheidskoëffisiënte gebruik gemaak nie, ’n bevinding wat positief is. In hierdie studie het die navorsers ’n eie meetinstrument opgestel, en in een studie is van gestruktureerde onderhoudsvoering as ’n metingstegniek gebruik gemaak.

Die psigometriese instrument wat die meeste in die navorsingsontwerpe gebruik is, was Zuckerman/Arnett se Soeke na Sensasie-skaal, wat ses keer in die 16 studies (38%) aangehaal word, gevolg deur Cattel se Sestienfaktor-persoonlikheid-vraelys, wat in twee studies gebruik is.

Soeke na sensasie word deur vyf studies (artikelnommers 7, 8, 10, 13 en 14) bevestig, en kan met sekerheid aanvaar word as ’n onderskeidende kenmerk van ervare en bedrewe rotsklimmers. In samehang hiermee is daar ook die neiging om voortdurend nuwe en moeilike uitdagings as doelwitte te stel (artikels 2, 6, 8 en 11) en verbandhoudende risiko’s te neem (6, 9, 10 en 11) om hierdie doelstellings te bereik. Die begrip *risikosoekende gedrag* behoort egter gekwalifiseer te word, omdat risiko’s geneem word wanneer ’n bepaalde risiko binne die vermoë van die klimmer se oordeel val om die risiko te neem (studie 6).

Hoë angsvlakke wat met klimmers geassosieer word, is deur twee studies (5 en 12) gerapporteer, en in drie ondersoeke (4, 10 en 11) is lae angs as ’n kenmerkende persoonlikheidseienskap van rotsklimmers aangedui. Die navorsingsbevindings oor angs as ’n veranderlike in die dinamika van die persoonlikheid van rotsklimmers vertoon dus ’n ander beeld as die soeke na sensasie (waar konsensus bereik is) en blyk dus van ’n weersprekende aard te wees.

Nege studies (1, 2, 3, 10, 11, 12, 14, 15, 16 in tabel 1) het spesifieke emosionele patrone by rotsklimmers ondersoek. Die resultate van vier van hierdie ondersoeke (10, 11, 14 en 16) dui op die aanwesigheid van hoë vlakke van emosionele stabiliteit by rotsklimmers, terwyl die res daarop dui dat persoonlikheidseienskappe soos swak emosionele uitdrukkingsvermoë, inhibisie van bekommernisse, ontoereikende emosionele regulering, algemene emosionele wanaanpassing en vermyding van interpersoonlike interaksie kenmerkend van rotsklimmers is. Hierdie navorsingsresultate is dus weersprekend van aard en geen eenstemmigheid bestaan dat kenmerkende affektiewe patrone met die vaardighede en ervaringsvlakke in rotsklim geassosieer word nie.

11. Gevolgtrekkings

Die beoordeling van die relatiewe akkuraatheid/onakkuraatheid van ’n stereotipe kan gerieflikheidsonthalwe met ’n skoot na ’n skyf van konsentriese sirkels met ’n absolute middelpunt vergelyk word. ’n Kolskoot beteken nie noodwendig dat die absoluut presiese middelpunt van die skyf getref is nie. Die kol op die skyf kan selfs ook bestaan uit kleiner konsentriese sirkels, wat beteken dat ’n kolskoot enige trefhou is solank die kol-area getref word. (By gholf is ’n kolhou natuurlik meer eksak en is ’n kolhou ’n absolute veranderlike, terwyl dit by skyfskiet ’n veranderlike op ’n deurlopende skaal is.) Indien die metafoor van die kolhou by skyfskiet gebruik word, het die reeks werklike sterfgevalle teen die Eiger en die gevolge wat daaruit voortgespruit het, die basis vir die ontstaan van die negatiewe stereotipering geskep. Alhoewel die toon van die beriggewing deur die media soms ’n kleur van vooroordeel bevat het, was dit relatief akkuraat binne die bepaalde konteks van die gebeure en ook die destydse politieke klimaat in Sentraal-Europa.

Die anekdotiese inligting waarna in hierdie artikel verwys word, is uiteenlopend van aard en bied uit ’n teoretiese perspektief ’n omvattende model vir die persoonlikheidstruktuur van rotsklimmers. Hierdie standpunte het ’n groter fokus op teoriebou, en die hipoteses wat hieruit voortvloei behoort eers wetenskaplik-eksperimenteel deeglik ondersoek te word alvorens finale gevolgtrekkings oor die toepaslikheid van die menings gemaak kan word. Die anekdotiese perspektiewe oor die dinamika van rotsklim ondersteun wel die akkuraatheid van

die stereotipering van rotsklimmers, maar die betroubaarheid en geldigheid van die standpunte word op hierdie stadium bevraagteken.

Die gepubliseerde studies in erkende wetenskaplike tydskrifte dui daarop dat min navorsing oor die persoonlikheidsdinamika van rotsklimmers sedert die 1960's onderneem is. Die resultate van hierdie studies neig om weersprekend van aard te wees. Waaroor wel eenstemmigheid bestaan (op grond van bevindings wat deur verskeie studies bevestig is), is dat ervare en tegnies bedrewe rotklimmers 'n sterk strewe na sensasionaliteit toon, en bereid is om risiko's te neem, maar slegs indien die risiko's binne hulle vermoëns om dit te kan onderneem, val.

Die werklike feitelike tragiese gebeurtenisse bied dus steun aan die akkuraatheid van die stereotipe. Meer goedgestruktureerde navorsing behoort egter oor die anekdotiese inligting gedoen te word. Die wetenskaplikenavorsingsresultate steun nie die akkuraatheid van die stereotipe nie. Die Eiger-rotsklimkultuur in die 1930's het met uiterste risiko's gepaardgegaan, maar dit blyk dat dit risiko's was wat kognitief weldeurdag deur die klimmers voorsien en oorweeg is, maar desnieteenstaande steeds traumaties geëindig het. Hulle was intrinsiek gemotiveer en het beslis nie onbesonne waagstukke uitgevoer sodat hulle name impromptu op die Eiger-sterftelys as helde ingegraveer kon word nie.

12. Aanbevelings

Dit word aanbeveel dat meer navorsing oor die persoonlikheidsdinamika van rotsklimmers uitgevoer word. Die anekdotiese inligting wat oor die onderwerp bestaan, kan in die vorm van hipoteses met logies-geformuleerde rasionale verder ondersoek word. 'n Kritiese ontleding van die bestaande navorsingsbevindings oor die persoonlikheidsdinamika van rotsklimmers behoort onderneem te word ten einde te bepaal waarom teenstrydige resultate so dikwels op hierdie navorsingsterrein voorkom.

Die baanbrekerswerk deur Barlow e.a. (2015), kan verder voortgesit te word deur rotsklimmers se profiele met deelnemers aan ander ekstreme sportsoorte te vergelyk met betrekking tot spesifieke persoonlikheidstrekke soos byvoorbeeld emosionele regulering. Korrelasiestudies tussen die fisiologiese en fisieke eienskappe van hoogs vaardige en minder vaardige rotsklimmers en hul persoonlikheidseienskappe, veral teen die agtergrond van Fessler e.a. (2014) se *crazy bastard*-hipotese, behoort onderneem te word.

Om die vraag hier te probeer beantwoord of dieselfde stereotipe(s) vandag steeds op rotsklimme, soloklimme en deelname aan ander ekstreme sportsoorte van toepassing is, kom op blote spekulasie neer. Die konteks waarin rotsklim tans plaasvind, het ingrypend verander sedert die 1930's. Tegnologiese ontwikkelings gee byvoorbeeld voortdurend aanleiding tot die verbetering van tegniek en toerusting. Reddingsoperasies word makliker en doeltreffender uitgevoer (byvoorbeeld deur die beskikbaarheid van helikopters). Rotsklimtoerisme is 'n verdere faktor wat die proses verwikkeld maak. Die winsmotief, betalende kliënte en bemarkingstrategieë is deesdae aan die orde van die dag. In Boukreev en DeWalt (1998:7) verwys die media na hierdie ryk kliënte as *dollar dogs*. Die 1996-ramp teen die Everest (Boukreev en DeWalt 1998) kon dalk die teelaarde gewees het vir die herbevestiging van die Eiger-noordwandstereotipe (alhoewel die kontekste totaal verskil).

13. Leemtes in hierdie navorsing

Geen aanspraak word daarop gemaak dat alle toepaslike navorsingstudies vir die doel van hierdie artikel geraadpleeg is nie. Sommige artikels was nie in volteks deur middel die beskikbare elektroniese databasisse beskikbaar nie. Waar slegs ’n Engelse opsomming van die teks beskikbaar was, is sodanige artikel nie in die ontleding ingesluit nie. Volteksartikels wat slegs in vreemde tale beskikbaar was, kon ook nie in hierdie ontleding ingesluit word nie. Die uitsluitingskriteria wat vir hierdie studie gestel is, het dus die toeganklikheid van sekere artikels en bronne bemoeilik. Die resultate van hierdie studie behoort dus eerder as ’n bydrae tot die navorsingterrein in die algemeen gesien te word (m.a.w. hipotese-genererend), as wat finale antwoorde op ’n komplekse navorsingsvraag gesoek is. Hierdie artikel is vanuit ’n wetenskaplik-empiriese uitgangspunt geskryf, met die gevolg dat die anekdotiese inligting soos hier bespreek word, nie behoorlik volgens ’n erkende kwalitatiewe model ontleed is nie.

Bibliografie

Anker, D. 2000. *Eiger: the vertical arena*. Seatle, WA: Mountaineers Books.

Anker, D. en R. Rettner. 2008. *Eiger: the vertical arena.* 4 Auflage Eiger Archiv. Zurich: AS Verlag.

Barlow, M., T. Woodman en L. Hardy. 2013. Great expectations: different high-risk activities satisfy different motives. *Journal of Personality and Social Psychology*, 105(3):458–75.

Barlow, M., T. Woodman, C. Chapman, M. Milton, D. Stone, T. Dodge en B. Allen. 2015. Who takes risks in high-risk sports? The role of alexithymia. *Journal of Sport & Exercise Psychology*, 37:83–96.

Barret, E. en P. Martin. 2014. *Extreme: why some people thrive at the limits*. Oxford: Oxford University Press.

Beyrer, C. 2015. The art of medicine. The proper study of mankind. http://www.thelancet.com (19 November 2015 geraadpleeg).

Boukreev, A. en G.W. DeWalt. 1998. *The climb: tragic ambitions on Everest*. New York: St Martin.

Clague, J.J. (red.). 2012. *Landslides: types, mechanisms and modelling.* Cambridge: Cambridge University Press.

Cronin, C. 1991. Sensation seeking among mountain climbers. *Personality and Individual Differences*, 12(6):653–4.

Egan, S. en R.M. Stelmack. 2003. A personality profile of Mount Everest climbers. *Personality and Individual Differences*, 34(8):1491–4.

Eifert, D.R. s.j. *Encyclopedia of mental disorders forum*. http://www.minddisorders.com/Br-Del/Delusional-disorder.html(2 Desember 2015 geraadpleeg).

Elms, M. en B. Frame. 2008. Into hot air: a critical perspective of Everest. *Human Relations*, 61(2):213–41.

Feher, P., M.C. Meyers en W.A. Skelly. 1998. Psychological profile of rock climbers: state and trait attributes. *Journal of Sport Behaviour*, 21(2):167.

Feldman, G., C. Zayfert, L. Sandoval, E. Dunn en J.A. Cartreine. 2012. Reward responsiveness and anxiety predict performance of Mount Everest climbers. *Journal of Research in Personality*, 47:111–5.

Fessler, D.M.T., L.B. Tiokhin, C. Holbrook, M.M. Gervais en J.K.Snyder. 2014. Foundations of the Crazy Bastard Hypothesis: nonviolent physical risk-taking enhances conceptual formidability. *Evolution and Human Behaviour*, 35:26–33.

Freixanet, M.G. 1991. Personality profile of subjects engaged in high physical risk sports. *Personality and Individual Differences*, 12(10):1087–93.

Geldard, J. 2011. *The north face of the Eiger: 1938 route and free topo*. http://www.ukclimbing.com/articles/page.php?id=3652 (6 November 2015 geraadpleeg).

Gigerenzer, G. 2002. *Bounded rationality: The adaptive toolbox*. Cambridge, Mass.: MIT Press.

Goma-i-Freixanet, M. 2004. Sensation seeking and participation in physical risk sport. In Stelmack (red.) 2004.

Gray, D. 1986. Personality and climbing. Adapted from an unpublished dissertation by J. Jackson on "Personality and rock climbing". http://www.alpinejournal.org.uk/Contents/Contents_1968_files/AJ%201968%20167-172%20Gray%20Personality.pdf (6 November 2015 geraadpleeg).

Harlin, J. 2007. *The Eiger obsession: facing the mountain that killed my father*. New York: Simon and Schuster.

Harrer, H. 1995. *The white spider. The classic account of the ascent of the Eiger*. Londen: Flamingo.

Harriss, D.J. en G. Atkinson. 2015. Ethical standards in sport and exercise science research: 2016 update. *International Journal of Sports Medicine*, 36(14):1121–4.

Heywood, I. 2006. Climbing monsters: excess and restraint in contemporary rock climbing. *Leisure Studies*, 25(4):455–67.

Hulya-Asci, F. en G.D. Cem-Dinc. 2007. Psychological profile of Turkish rock climbers: an examination of climbing experience and route difficulty. *Perceptual and Motor Skills*, 104:892–900.

Jaboyedoff, M., M.-H. Derron, J. Jakubowski, T. Oppikofer en A. Pedrazzini. 2012. The 2006 Eiger rockslide, European Alps. In Clague (red.) 2012.

Jassim, L., T.R. Cain, J.T. Crawford, K. Harber en F. Cohen. 2009. The unbearable accuracy of stereotypes. In Nelson (red.) 2009.

Jenkins, M. 2015.Point of no return. *National Geographic*, September, ble. 66–91.

Kaufman, S.B. 2013. Why do you want to be famous? *Scientific American*, 4 September. http://blogs.scientificamerican.com/beautiful-minds/why-do-you-want-to-be-famous (19 November 2015 geraadpleeg).

Koivula, N. 1999. Gender stereotyping in televised media sport coverage. *Sex roles*, 41(7/8):589–604.

Lester, J. 2004. Spirit, identity and self in mountaineering. *Journal of Humanistic Psychology*, 44(1):86–100.

Llewellyn, D.J. en X. Sanchez. 2008. Individual differences and risk taking in rock climbing. *Psychology of Sport and Exercise*, 9(4):413–26.

Lyng, S. 1990. Edgework: a social psychological analysis of voluntary risk taking. *The American Journal of Sociology*, 95(4):851–86.

McDaniel, S.R. en W.-Y. Lee. 2007. Marketing leisure services to sensation seekers: the relationship between personality and emotional response in novices using an artificial climbing wall. *Advances in Consumer Research*, 34:468–70.

Monasterio, E., Y.A. Alamri en O. Mei-Dan. 2014. Personality characteristics in a population of mountain climbers. *Wilderness and Environmental Medicine*, 25(2):214–9.

Nelson, T.D. (red.). 2009. *Handbook of prejudice, stereotyping and discrimination*. New York: Psychology Press.

Neuberg, S.L. en S. Oliver. 2013. Life history of social perception: stereotyping at the intersections of age, sex, ecology (and race). *Social Cognition*, 31(6):696–711.

Olsen, J. 1998. *The climb up to hell.* New York: St Martin's Press.

Pereira, A.L. 2005. The experience of risk in high-altitude climbing. *World Leisure*, 47(2):38–49.

Pervin, L.A. en O.P. John. 1999. *Handbook of personality: theory and research*. New York: Guilford Press.

Pervin, L.A., D. Cervone en O.P. John. 2005. *Personality: theory and research*. New York: Guilford Press.

Roper, R. 2002. *Fatal mountaineer: the high-altitude life and death of Wili Unsoeld, an American Himalayan legend.*New York: St Martin's Press.

Ryn, Z. 1988. Psychopathology in mountaineering: mental disturbances under high-altitude stress. *International Journal of Sports Medicine*, 9(2):163–9.

Sadock, B.J. en V.A. Sadock. 2003. *Kaplan & Sadock's synopsis of psychiatry*. 9de uitgawe. Philadelpia: Lippincot, Williams & Wilkins.

Sanchez, X., M.S.J. Boschker en D.J. Llewellyn. 2010. Pre-performance state sand performance in an elite climbing competition. *Scandinavian Journal of Medicine & Science in Sports,* 20(2):356–63.

Schoonees, P.C. 1972. *Woordeboek van die Afrikaanse taal*. Deel H-I. Pretoria: Die Staatsdrukker.

Sleasman, M.R. 2004. Comprehensive personality assessment of individuals in the high-risk sport of mountaineering. *Dissertation Abstracts International Section B: The Sciences and Engineering*, 65(3-B):1590.

Stelmack, R.M. (red.). 2004. *On the psychobiology of personality.* Philadelphia, PV: Elsevier.

Stölzl, P. 2012. *The German Society of Pennsylvania. Friday film fest series: Nordwand (North Face). Notes and comments by Allen Krumm*. http://www.germansociety.org/Nordwand_brochure.pdf (17 November 2015 geraadpleeg).

Sumner, P., S. Vivien-Griffiths, J. Boivin, A. Williams, C.A. Venetis, J. Ogden, L. Whelan, B. Huges, B. Dalton, F. Boy en C.D. Chambers. 2014. The association between exaggeration in health related science and academic press releases: retrospective observational study. http://www.bmj.com/content/349/bmj.g7015 (13 November 2015 geraadpleeg).

Tattersall, M. 2015. Review: *Irrationality* by Lisa Bortolotti. http://metapsychology.mentalhelp.net/poc/view_doc.php?type=book&id=7440 (1 Desember 2015 geraadpleeg).

Taylor, J.E. 2010. *Pilgrims of the vertical. Yosemite rock climbers and nature at risk.* Cambridge, Mass.: Harvard University Press.

Taylor, M., D. Gould, L. Hardy en R. LaCaille. 2006. Factors influencing physical risk taking in rock climbing. *Journal of Human Performance in Extreme Environments*, 9(1):15–26.

Vasterman, P.L.M. 2005. Media hype: Self-reinforcing news waves, journalistic standards and the construction of social problems. *European Journal of Communication*, 20(4):508–30.

Zuckerman, M. 1994. *Behavioural expressions and biosocial bases of sensation seeking.* Cambridge: Cambridge University Press.

Eindnotas

[1] Die artikel word opgedra aan alle rots- en bergklimmers wat in die berge gesterf het terwyl hulle hul passie uitgeleef het. F.J. Lombard, eindredakteur van die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*, word bedank vir sy belangstelling in die onderwerp en sy deskundige kommentaar oor die artikel.

[2] My vertaling. Ook elders.

[3] Altruïsme as ’n faktor in die strewe na roem sluit aan by die uitgangspunt in boeddhisme dat alle gedrag as neutraal gesien word (Beyrer 2015:1725). Wat gedrag moreel goed en reg maak en sodoende ’n positiewe of negatiewe uitkoms bepaal, is die motivering van die persoon wat die handeling uitvoer. Indien die handeling egotisties gemotiveer word, sal dit waarskynlik nie tot goeie gevolge aanleiding gee nie. As die handeling deur altruïsme gemotiveer word, veral die behoefte om lyding te verminder, is die kanse soveel beter dat die handeling tot goeie gevolge sal lei. Daarom is deurlopende selfondersoek oor die motivering van eie gedrag noodsaaklik.